

7 Mei

**Skrifgedeelte: Handeling 9:19b-30**

**Fokusgedeelte: Handeling 9:30**

### **Toegerus én afhanklik van God?**

Wie was nou beter toegerus om die evangelie aan die Jode te bring as Paulus? Hy was 'n Fariseër wat uitnemend in die Skrifte van die Ou Testament geskool was en kon mos nou die evangelie in duidelike taal aan sy volksgenote verkondig. Hy het dit dan ook inderdaad gedoen en het, na 'n moontlike tydsverloop van drie jaar (*vgl Galasiërs 1:15-17*), die Jode in die war gebring deur te bewys dat Jesus die Christus is. Dit het egter niks gehelp nie, want hulle het nie tot bekering gekom nie, maar wel beplan om hom dood te maak. Toe hy na Jerusalem gegaan het, was die Christene aanvanklik vir hom bang. Kort voor lank het die Jode ook dáár probeer om hom te vermoor en dan word hy stilweg vir 'n tydperk van ongeveer sewe jaar, na Tarsus weggestuur.

Vir die Here het dit nie gegaan oor Paulus se planne vir sy eie volk nie, maar oor God se plan vir die heidendom. Dit het nie gegaan oor Paulus se vermoëns nie, maar sy afhanklikheid van God sou die heel belangrikste wees. Hierdie apostel sou eers 'n *voorbereidingstyd* moes deurmaak voordat God se plan vir sy lewe tot volle verwerkliking kon kom.

Hoe belangrik dit ook al is om goed toegerus te wees vir 'n taak, gee dit nie die deurslag in God se koninkrykswerk nie. In die diens aan God kan hierdie goeie toerusting en vermoëns alleen in afhanklikheid van God reg uitgeleef word.

Sing: Psalm 40:3,4

Ds IW Ferreira (Magol)